

HOOFSTUK V

'N PROFIEL VAN DIE HOOF VAN DIE AFRIKAANSE SKOOL

1. Die vraelys⁽¹⁾

1.1 Die doel met die vraelys

Die doel met die vraelys wat aan sommige hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole vir beantwoording gestuur is, was:

- * om sekere persoonlike data oor die hoofde van die verskillende grade en tipes Afrikaanse skole in al vier die provinsies van die R.S.A. in te win;
- * om die menings van dié hoofde van Afrikaanse skole oor bepaalde professionele aangeleenthede te verkry;
- * om aan die hand van die data wat op die wyse ingewin word 'n poging aan te wend om 'n redelik duidelike profiel van die hoof van die Afrikaanse skool saam te stel, sodat die hoof beter geken en verstaan sal word;
- * om verder aan die hand van die resultate wat uit die menings en persoonlike gegewens van die hoofde verkry sal word, sekere aspekte van 'n indiensopleidingsprogram vir die hoof van die Afrikaanse skool te bespreek. (Kyk hoofstuk VIII).

1.2 Organisasie en probleme in verband met die vraelys

Goedkeuring vir die verspreiding van die vraelyste is van die Direkteurs van Onderwys van Transvaal, Kaapland en Natal verkry. Die Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat het goedkeuring vir die verspreiding

1. Kyk bylae A., p. 338.

van die vraelys in die provinsie geweier. Adreslyste van skole waarop die onderrigmedium van die skole aangedui is, is van die eersgenoemde drie provinsies aangevra. Die adreslys van skole in Natal is nadat drie vrugtelose versoeke aan die Onderwysdepartement van die provinsie gerig is, van 'n private bron verkry. Op die adreslys van die Kaaplandse onderwysdepartement is die onderrigmedium van die skole nie aangedui nie, maar is die name en adresse van sommige skole in Afrikaans en die van ander in Engels aangegee. Volgens die adreslys van die Transvaalse Onderwysdepartement kan ooreenkomstig die onderrigmedium van die skole tussen 4 soorte skole onderskei word: die suiwer Afrikaanse skole, die suiwer Engelse skole, die parallelmediumskole en die skole wat vir die onderrig van beide taalgroepe geklassifiseer is, maar wat in 1971 net Afrikaanssprekende leerlinge op die rol gehad het.

Die vraelys is ter wille van die gerief van die hoofde en die makliker verwerking van die data in 'n handige en netjiese formaat laat druk en genommer. Daarna is dit tesame met 'n begeleidende brief en gefrankeerde gedregerde koevert aan die hoofde van die volgende skole in drie provinsies gestuur:

- | | |
|-------------------|--|
| Transvaal: | die suiwer Afrikaanse primêre en sekondêre skole (insluitende beroepskole) en die skole wat vir beide taalgroepe geklassifiseer was maar in 1971 net Afrikaanse kinders gehuisves het; |
| Kaapland: | die skole waarvan die name en adresse in die adreslys van die onderwysdepartement in Afrikaans aangegee is; |
| Natal: | die suiwer Afrikaanse primêre en sekondêre skole volgens die naam- en adreslys van die departement. (2) |

-
2. Kyk hoofstuk II vir die beskrywing van die wese van die Afrikaanse skool en die motivering waarom na die hoofde van die skole 'n aparte ondersoek ingestel word.

In die begeleidende brief⁽³⁾ is die hoofde, veral met die oog op die skole in Kaapland, versoek om self te besluit of hulle skole Afrikaanse skole is al dan nie.

1.3 Die tyd van die ondersoek

Die eerste vraelyste is reeds gedurende September 1971 aan die hoofde geos. Die vraelyste aan die hoofde in Natal is aan die begin van 1972 geos en teen die einde van Februarie 1972 terug ontvang. Die gewens wat van die hoofde uit Natal ontvang is, is dus van 4 tot 6 maande jonger as dié wat uit die ander twee provinsies ontvang is.

1.4 Die verkreë monster

Vraelyste is nie aan al die hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole in die drie provinsies gestuur nie. Aangesien die adreslys van skole van die Kaaplandse Onderwysdepartement ook nie die grootte van die skole aangedui het nie, is 'n landkaart geraadpleeg en die skole wat op afgeleë, ylbewoonde dele van Kaapland geleë is en vermoedelik eenmanskole is, weggelaat. Die beantwoorde vraelyste van hoofde wat aangetoon het dat hulle skole parallelmedium-skole is, is ook buite rekening gelaat.

Tabel 2 hieronder dui onder andere aan hoeveel vraelyste versend is en watter getal bruikbare antwoorde terug ontvang is.

Hoewel die presiese getal Afrikaanse skole in die drie provinsies nie uit die naam- en adreslyste bepaal kon word nie, kan die getal bruikbare vraelyste wat ontvang is as 'n goeie verteenwoordigende monster van die hoofde in dié provinsies se antwoorde op die vraelys beskou word. Dit kan op grond van getal ook as 'n redelik verteenwoordigende monster van antwoorde van die hoofde van Afrikaanse skole in die R.S.A. beskou word as die volgende in gedagte gehou word:

3. Kyk bylae B., p. 348.

TABEL 2: Persentasie bruikbare vraelyste terug ontvang.(4)

PROVINSIE	SOORT SKOOL	Getal vraelyste versend		Getal onbeantwoord terug	Getal van paralelmedium- skole terug	Getal nie terug ontvang	Getal bruikbare vraelyste ontvang		% bruikbare vraelyste
TVL.	Primêre Sekondêre	355	101	3		104 26	251	72	70,7 71,3
K.P.	Primêre Sekondêre	281	199		59 7	83 68	139	124	63,1 64,6
NATAL	Primêre Sekondêre	22	10			7 0	15	10	68,2 100,0
TOTAAL		658	310	3	66	288	405	206	67,7
		968		357			611		

4. Kyk ook tabelle 3 en 4 op pp. 137, 139.

In 1971 het net 25 suiwer Afrikaanse skole in die O.V.S. bestaan. Net soos in Transvaal bestaan daar in die O.V.S. ook skole wat as parallel-medium-skole geklassifiseer is, maar wat in 1971 net Afrikaanse leerlinge op die rol gehad het. Hoeveel van dié skole in 1971 in die O.V.S. bestaan het, is ook nie uit die naam- en adreslys van skole van dié provinsie te bepaal nie.⁽⁵⁾

In die O.V.S. bestaan ook verskeie eenmanskole, net soos in Kaapland (Volgens bg. lys minstens 54).

Sommige hoofde in Kaapland wat nie die vraelys teruggestuur het nie, mag dalk ook hoofde van parallelmedium-skole wees.

Alles dus in aanmerking geneem, behoort die verkreë monster nog meer as die helfte van die hoofde van die Afrikaanse skole in die R.S.A. te verteenwoordig.

1.5 Enkele veronderstellings

Daar is konsekwent van die standpunt uitgegaan dat die hoof van 'n eenmanskool nie 'n volwaardige skoolhoof is nie.⁽⁶⁾ Aan dié hoofde is nie vraelyste gestuur nie, of hulle antwoorde is nie in aanmerking geneem nie.

Die gegewens en menings van die waarnemende hoofde is beskou asof dié hoofde permanente hoofde is. Van die totale getal hoofde wat die vraelys beantwoord het, was 8,9% van dié by primêre skole en 6,8% van die by sekondêre skole tydens die opname in waarnemende hoedanigheid werksaam. Van die totale getal waarnemende hoofde het 52,9% reeds voorheen in die hoedanigheid gedien of was hulle reeds hoof by 'n vorige skool.

5. Vgl. V.O.D. Lys van skole 1971 en mededelings tydens persoonlike onderhoude.

6. Vgl. ook tabel 5 op p. 142.

Die middelbare skole in Kaapland en die gekombineerde primêre en sekondêre skole in Natal is almal as sekondêre skole gereken. Die gegewens en menings van die hoofde van die skole is daarom saam met die van die sekondêre en beroepsskole verwerk. Die getal hoofde van die tipes skole (ook die beroepsskole) was te klein om aparte geldige afleidings daaruit te maak. Die gegewens van die hoofde van die skole is wel ten opsigte van enkele vrae in die vraelys apart aangegee (Vgl. bv. tabel 9).

1.6 Die verwerking van die data

Aangesien dit met betrekking tot die meeste vrae in die vraelys slegs nodig was om gegewens te rangskik, totale en gemiddeldes te verrekken of opsommings te maak, is die grootste deel van die antwoorde van die hoofde deur die ondersoeker self verwerk. Die antwoorde op vrae 14, 15 en 23, wat frekwensietabelle verteenwoordig, is deur die goedgekeurde medewerking van die Rekensentrum van die P.U. vir C.H.O. aan die hand van die kodering wat die ondersoeker gedoen het, verwerk.

1.7 Tekortkomings in die ondersoek

Die grootste tekortkoming is waarskynlik die onvolledigheid van die vraelys. Sekere belangrike vrae oor die profiel van die hoof is wegge laat omdat die lengte van die vraelys die hoofde sou kon verhinder het om dit te beantwoord. Vrae wat onder andere ook ingesluit kon gewees het, kon inligting oor die volgende aspekte ingewin het:

die hoofrede(s) waarom hoofde besluit het om vir hoofposte aansoek te doen;

die handelinge en gebeure wat vir die hoofde die meeste bygedra het tot hulle voorbereiding vir hoofskap;

wat hoofde doen om hulleself professioneel te ontwikkel en hoeveel tyd hulle per week daaraan bestee;

die aard en omvang van die vryetydsbesteding van die hoofde.

'n Vorm van integrasie van die vraelys is egter toegepas deurdat aan sommige hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole persoon-

like briewe gerig en addisionele inligting aangevra is. Op die wyse is ook die gegewens oor die tipiese dag- en weekprogramme van die hoofde verkry (vgl. tabel 16).

Sommige afleidings is op grond van die antwoorde van 'n beperkte getal hoofde gedoen. Dit is veral die geval met betrekking tot die beroep-skole, die middelbare en gekombineerde skole, en die antwoorde van die vroulike hoofde.

Enkele hoofde het ook nie die vraelys ten opsigte van elke vraag volledig beantwoord nie. Dan het veral vraag 23 vir sommige hoofde 'n probleem geblyk te wees. Van die hoofde het waarskynlik verstaan dat die bedoeling met die vraag was om al die belangrike kwaliteite wat vir beginner-hoofde van belang mag wees, op te som, weer te gee of te verteenwoordig.

Bykomstige inligting wat benodig is, is uit departementele bronne uit die gegewens waaroor die Transvaalse komitee vir kursusse van hoofde van skole beskik en uit persoonlike korrespondensie met 'n beperkte aantal hoofde verkry.

In hierdie ondersoek word 'n poging aangewend om 'n eenheidsprofiel van die hoof van die Afrikaanse skool in die R.S.A. op grond van die gegewens en menings van sommige hoofde van Afrikaanse skole in net drie provinsies van die land te beskryf.

2. Tipes skole en hulle gradering

Voordat enige afleidings uit die antwoorde van die hoofde van Afrikaanse skole op die verskillende vrae in die vraelys gemaak word, moet aangetoon word watter tipes en grade primêre en sekondêre skole tydens die ondersoek in die R.S.A. bestaan het en die getal hoofde van die verskillende tipes en grade Afrikaanse skole wat die vraelys beantwoord het. Vir die doel is die antwoorde op vrae 1 en 2 saam gereken.

TABEL 3: Die verskillende grade primêre skole (1971)

Graad van skool	Inskrywing (leerlingtal)	PROVINSIES								Totale aantal antw. ontvang	% van Totaal
		K.P.		Natal		O.V.S.		Tvl.			
PI	600 en meer	X	10	X	0	X	0	X	67	77	19
PII	250–599	X	48	X	7	X	0	X	82	137	33,8
PIII	50–249	X	44	X	5	X	0	X	78	127	31,4
PIV	benede 50	X	37	X	3	X	0	X	24	64	15,8
PV	Eenmanskole	X	—	X	—	X	—	—	—	—	
Totale aantal antw. ontvang		139		15		0		251		405	100
% van Totaal		34,3		3,7		0		62		100	

2.1 Primêre skole

Tabel 3 toon die verskillende grade primêre skole wat in die vier provinsies aangetref word en die getal beantwoorde vraelyste wat van die hoofde van elke graad Afrikaanse primêre skool ontvang is.

Opmerkings by tabel 3

- (1) Die kruisies en getalle in die vertikale kolomme dui respektiewelik aan watter grade primêre skole in die vier provinsies aangetref word en die getal beantwoorde vraelyste wat ontvang is (kyk ook tabel 4).
- (2) In Transvaal bestaan geen eenmanskole meer nie en nog net enkele tweemanskole.
- (3) Die meerderheid PI-skole in die R.S.A. kom in stede en groter dorpe voor. PIII-, PIV- en PV-skole is oorwegend dorp- en plaas-skole.
- (4) Junior primêre skole (grade tot st.I) en senior primêre skole (st. II tot V) is deurgaans met die volwaardige primêre skole (grade tot st. V) saam gereken.

2.2 Sekondêre skole

Kolomme 1 en 2 van tabel 4 toon aan watter tipes en grade sekondêre skole tydens die ondersoek in die R.S.A. bestaan het en hoeveel antwoorde van hoofde van Afrikaanse skole van die tipes en grade ontvang is.

Opmerkings by tabel 4

- (1) Die sekondêre skole is in 'n groter mate gesentraliseerde skole as die primêre skole. Aan die meerderheid van die sekondêre skole is ook koshuise verbonde.

TABEL 4: Die verskillende tipes en grade sekondêre skole in die R.S.A. (1971)

- (2) Alhoewel in die Kaapprovinsie meer sekondêre skole as in enige van die ander provinsies bestaan, het die skole oor die algemeen heelwat kleiner inskrywings as die sekondêre skole in Transvaal. Dit is te wyte aan die uitgestrektheid en yl bevolkte dele van die suidelike provinsie. Om die redes kom in die Kaapprovinsie ook meer gekombineerde primêre en sekondêre skole as in enige van die ander drie provinsies voor.
- (3) Wanneer die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys volledig deur die provinsies geïmplementeer word, sal die verskillende tipes sekondêre skole in die R.S.A. vervang word met verskillende gelykwaardige sekondêre skole waaraan bepaalde studierigtings toegesê is of sal word.
- (4) Spesiale skole is buite rekening gelaat. Hulle is tewens almal parallelmedium-skole.
- (5) Die enkele beantwoorde vraelys wat van 'n hoof van 'n HII-skool in die O.V.S. ontvang is, is by die verwerking en interpretasie van antwoorde buite rekening gelaat omdat dit nie as geldige monster van antwoorde op die vraelys vir die provinsie kan dien nie.

2.3 Afleidings

Nie alleen is 'n hoë persentasie antwoorde op vraelyste wat aan hoofde van Afrikaanse skole gestuur is, ontvang nie, maar die antwoorde van die hoofde is ook verteenwoordigend van die verskillende tipes en grade primêre en sekondêre skole en hulle geografiese ligging in die R.S.A. Dit verhoog die geldigheid van die afleidings wat uit die antwoorde in die vraelyste gemaak kan word. Dit is daarom ook te betwyfel of die antwoorde van die hoofde van die Afrikaanse skole in die Oranje-Vrystaat op die vrae in die vraelys enige noemenswaardige verskille in die afleidings tot gevolg sou hê as die hoofde in die provinsie toegelaat was om die vraelys te beantwoord.

Die oorskakeling na 'n stelsel van gedifferensieerde sekondêre onderwys sal die taak van die hoof van die sekondêre en ook die van die hoof van die primêre skool kwantitatief en kwalitatief beïnvloed en verander, maar sal geen wesentliche verandering in die posisie van die hoofde van die skole meebring nie.⁽⁷⁾

In die afleidings wat uit die antwoorde van die hoofde van primêre skole gesamentlik gemaak word, sal die antwoorde van die hoofde van primêre skole in Transvaal kwantitatief die grootste gewig dra. Dit sal ook die geval ten opsigte van die antwoorde van HI-hoofde in Transvaal wees. Die antwoorde van die hoofde van die sekondêre skole in Kaapland sal waar al die antwoorde saam gereken is, die grootste gewig dra.

3. Sekere vereistes vir aanstelling as hoof

Die minimum aanstellingsvereistes vir die hoofde van ooreenstemmende tipes en grade skole is in breë trekke dieselfde in die vier provinsies (kyk tabel 5).

Dit is opvallend dat die minimum vereistes vir aanstelling vir die verskillende tipes en grade sekondêre skole soos in tabel 5 aangegee, presies dieselfde is. Dieselfde geld vir PI-, PII- en PIII-hoofde. Daaruit moet afgelei word dat kandidate vir hoofposte nie bloot op grond van die minimum akademiese en professionele kwalifikasies en die minimum aantal jare onderwyservaring wat vereis word in 'n hoofpos aangestel word nie. Besondere kwalitatiewe hoedanighede van kandidate moet by die oorweging van hulle aansoeke met die minimum vereistes gepaar word.⁽⁸⁾

Vir die aanstelling as hoofde van sekondêre skole moet kandidate oor minstens 'n eerste graad (bv. B.A.; B.Sc.; B.Com.) beskik. Die salarisskale van die hoofde van die skole verskil egter ooreenkomstig die

7. Kyk pp. 79, 127.

8. Vgl. ook N.E.A. Remaking the world of the career teacher, pp. 78-79.

TABEL 5: Minimum vereistes vir aanstelling

	Graad van skool	Kategorie vereis	Verteenwoordigende akademiese en professionele kwalifikasies	Minimum aantal jare onderwyserservaring
SEKONDÊRE SKOLE	HI	D	'n Goedgekeurde universiteitsgraad en 'n erkende onderwysertifikaat	10 jr
	HI	D	'n Goedgekeurde universiteitsgraad en 'n erkende onderwysertifikaat	10 jr
	Beroep-skole	D	'n Goedgekeurde universiteitsgraad en 'n erkende onderwysertifikaat	10 jr
	Kuns-skole	D	'n Goedgekeurde universiteitsgraad en 'n erkende onderwysertifikaat	10 jr
PRIMÊRE SKOLE	PI	C	'n Erkende onderwysertifikaat (gewoonlik minstens 3 jaar opleiding na matriek)	10 jr
	PII	C	'n Erkende onderwysertifikaat (gewoonlik minstens 3 jaar opleiding na matriek)	10 jr
	PIII	C	'n Erkende onderwysertifikaat (gewoonlik minstens 3 jaar opleiding na matriek)	7 jr
	PIV	B	'n Erkende onderwysertifikaat (gewoonlik minstens 3 jaar opleiding na matriek)	4 jr
	PV		'n Erkende onderwyserskwalifikasie — dieselfde as vir assistentonderwysers	—

grootte van die skole. Dieselfde kan ten opsigte van die minimum vereistes vir aanstelling van PI- en PII-hoofde en hulle salarisskale gesê word. Hoofde van laer graad poste wat hier ter sprake is, kan dus tot hoër graad poste bevorder word sonder dat hulle nodig het om hulle kwalifikasies te verbeter. Dit dui weereens sterk op die waarde wat aan ander kwalitatiewe hoedanighede van kandidate wat oor dieselfde kwalifikasies en ervaring beskik, geheg word.

In die provinsies bestaan ook sekere ander vereistes waaraan kandidate moet voldoen om vir hoofposte in aanmerking te kom. So is in Kaapland neergelê dat hoofde van sekondêre skole minstens die helfte van hulle onderwyservaring op sekondêre vlak moet hê, terwyl hoofde van primêre skole die helfte van hulle ervaring op primêre vlak moes opgedoen het. By die verhoging van die status van 'n skool, word die status van die hoof in Kaapland ooreenkomstig verhoog, behalwe in die geval waar die status van 'n primêre skool na die status van 'n sekondêre skool verhoog word.⁽⁹⁾ In Transvaal bestaan die reël onder andere ook, maar die hoof word by verhoging van die graad van sy skool geïnspekteer, terwyl die skoolkomitee of beheerraad versoek word om sy goedkeuring aan die behoud van die betrokke hoof in die hoër graad pos te heg. Hoofposte word dus slegs geadverteer wanneer hulle vakant is of in die geval van buitengewone omstandighede by die hergradering van die skool na 'n hoër graad. Die algemene benadering bestaan dus dat hoofde saam met die uitbreiding van hulle skole ontwikkel of behoort te ontwikkel. Hoofskap is in 'n groot mate 'n bestendige betrekking.⁽¹⁰⁾

4. Die wyse van keuring en aanstelling van hoofde

Soos dit uit die vorige hoofstuk duidelik blyk, het die eise wat die moderne, komplekse heterogene gemeenskap aan die opvoeding en

-
9. Vgl. K.O.D. Leidraad aan skoolkomitees en adviesrade i.v.m. benoemings en aanbevelings. Bevorderingsposte, bylae A, algemeen, p.5.
 10. Vgl. ook A.A.S.A. The elementary school principalship in 1968, p.4.

onderwys in die skool stel, die eise wat aan die hoof van die skool gestel word, verhoog. Dit het die taak van die keuring van kandidate vir hoofposte 'n delikate opvoedkundige aangeleentheid gemaak. (11)

In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat die instelling van departementele keurrade en die aanbevelings wat hulle aan skoolkomitees en beheerrade voorlê, bydra tot die professionalisering van hoofskap. Kandidate vir hoofposte word deur die Transvaalse keurraad hoofsaaklik op grond van vier vereistes op die kortlys of aanbevelingslys geplaas: bekwaamheid (waarby die besondere persoonlikheidskwaliteite van die aansoeker 'n belangrike rol speel), ervaring, kwalifikasies en die eise wat deur die bepaalde skool en gemeenskap gestel word. Die vereistes hou innige verband met mekaar. Aansoeke word egter nagenoeg in die volgorde van die vereistes soos hier genoem, beoordeel en geëvalueer. Die tradisionele beginsel van die Afrikaner dat die ouer sy primêre verantwoordelikheid in die opvoeding van sy kind moet uitoefen, is behou in die beleid van Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Transvaal wat bepaal dat die skoolkomitee of beheerraad van die skool as verteenwoordigers van die ouers 'n finale aanbeveling ook ten opsigte van die hoofpos aan die onderwysdepartemente van die provinsies moet voorlê. (12)

Werwing van steun by skoolkomitee- en beheerraadslede is deur die instelling van keurrade in 'n groot mate uitgeskakel. Dit is egter moontlik dat kandidate wat aan die skool waar die hoofpos vakant is en kandidate wat aan skoolkomitee- en beheerraadslede bekend is, by die plaaslike keuring voorrang mag geniet. Dit kan gebeur ten spyte van die reëling wat onderhoude met sommige kandidate 'n redelik algemene praktyk in die genoemde provinsies is. Dit is te betwyfel of 'n enkele kort onderhoud vol-

11. Vgl. ook A.A.S.A. The right principal for the right aschool, p.25.

12. Vgl. Bredell, H.C. Die evaluering en gradering van onderwysers. Referaat gelewer tydens die kursus vir hoofde van primêre skole, Aug.-Sept. 1969.
(T.O.D. Stukke van die Komitee vir kursusse van hoofde van skole).
Kyk ook p. 56.

doende geleentheid aan 'n komitee of raad bied om 'n volledige, realistiese beeld van die beste kandidate te kry, hulle teen mekaar af te weeg en die heel beste kandidaat vir die betrokke pos te kies en aan te beveel. In hierdie ondersoek is dit nie bepaal in hoeverre skoolkomitees en beheerrade daartoe in staat is om die tegnieke van onderhoudvoering as delikate evalueringsmiddel te gebruik nie. Die kandidaat wat in genoemde drie provinsies in 'n bepaalde hoofpos aangestel word, kan egter daarop aanspraak maak dat hy deur sy onderwysdepartement as geskik vir die bepaalde pos beskou word en dat hy deur die verteenwoordigers van die ouers as die beste aansoeker by die betrokke skool aanvaar is en hulle belofte van heelhartige samewerking geniet.

Pre-keuring en die voorbereiding van kandidate vir moontlike vakante poste is nie praktyk in Suid-Afrika nie. Kandidate word ook nie aan formele, gestandaardiseerde toetse vir die doel van keuring onderwerp nie.⁽¹³⁾

Dit is opvallend dat aansoekers om hoofposte in al vier die provinsies van die R.S.A. van dieselfde aansoekvorm moet gebruik maak as die wat vir aansoekers om ander onderwysposte voorgeskryf is.⁽¹⁴⁾

Die onderwysprofessie kan vandag gerus voel oor die feit dat dit die oogmerk van die onderwysowerhede in Suid-Afrika is om die keuring van kandidate vir bepaalde poste op so 'n hoogs moontlike professionele vlak te laat geskied. Die georganiseerde onderwysprofessie het in Suid-Afrika nog geen seggenskap in die keuring van kandidate vir hoofposte nie, terwyl daar ook geen Raad van Onderwysers op dieselfde vlak as die van die medici, tandartse en ingenieurs bestaan nie.⁽¹⁵⁾

-
13. Vgl. ook A.A.S.A. *The right principal for the right school*, pp.14–46. McIntyre, K.E. *Selection and on the job training of school principals*, pp.4–25.

Allen, B. *How head teachers are chosen*. (In Allen, B. (ed.) *Headship in the 1970's*, pp.153–165).

14. Vgl. bv. vorms T.O.D. 487 en 576; K.O.D. E.43A.
15. Vgl. egter du Toit, G.J. *Openingsrede gelewer tydens die kongres van die T.O. Buffelspoort, Tvl. 16 Sept. 1972*.

Die verdere intensifering van die hele stelsel van die keuring van kandidate vir hoofposte op 'n gelykvormige wyse in die R.S.A. en op 'n grondslag van Christelike-wetenskaplike beginsels, behoort nie alleen tot die verdere professionalisering van hoofskap by te dra nie, maar behoort ook tot die verbetering van die profiel van die hoof in die gemeenskap te dien. Dit behoort ook te verseker dat die Christelik-nasionale grondslag van die Afrikaner die eerste oorweging by die aanstelling van hoofde van Afrikaanse skole sal wees en nie bloot saaklik-tegniese oorweginge met betrekking tot die taak van die hoof nie.

5. Ouderdom

5.1 Inleiding

Ouderdom en toepaslike onderwyservaring, dit wil sê rypheid in die onderwys, word steeds in die onderwyswêreld as belangrike faktore beskou wat by die keuring van kandidate vir bepaalde hoofposte in aanmerking geneem moet word. Kenneth E. McIntyre is daarenteen van oordeel dat ouderdom en onderwyservaring as kwalifiserende faktore in ons tyd waarskynlik oorwaardeer word.⁽¹⁶⁾

Die geskikte ouderdom, ervaring, gesondheid en vitaliteit bly egter belangrike kwaliteite waaroor elke goeie leier moet beskik.⁽¹⁷⁾ Dit is daarom noodsaaklik dat ook vasgestel word wat die gemiddelde ouderdomme van die hoofde van die verskillende tipes Afrikaanse skole is, op watter gemiddelde ouderdom die hoofde aangestel is en watter afleidings uit die bevindings gemaak kan word. Hierdie gegewens moet ook saam met die bevindings oor die ervaring van die hoof van die Afrikaanse skool ge lees word.⁽¹⁸⁾

16. Vgl. McIntyre, K.E. op. cit. p.13.

17. Kyk p. 216 e.v.

18. Kyk p. 172 e.v.

TABEL 6(a): Die gemiddelde ouderdomme van die manlike hoofde van Afrikaanse primêre skole

PROVINSIE	OUDERDOMME VOLGENS GRADE VAN DIE SKOLE								TOTAAL	
	PI		PII		PIII		PIV		Gem.	Getal
	1	2	1	2	1	2	1	2		
KP	50,5	10	46,2	43	42,9	46	41,5	30	44,5	129
Natal	—	—	52,6	4	44,0	5	42,5	1	48,0	10
TVL	49,9	66	49,8	82	44,7	78	41,3	24	46,9	250
Tot. Gem. (1)										
Tot.Getal (2)	49,9	76	48,9	129	44,1	129	41,4	55	46,5	389
Jongste hoof	34		33		28		27			
Oudste hoof	64		62		63		65			

5.2 Gemiddelde ouderdom

Aangesien net 14 damehoofde van primêre skole en 6 damehoofde van sekondêre skole antwoorde op vraag 4 van die vraelys verstrek het, is die ouderdomme van die dames buite rekening gelaat en die afleidings wat uit tabelle 6(a) en 6(b) gemaak is net op grond van die ouderdomme van manlike hoofde wat vraag 4 beantwoord het, gemaak.

Opmerkings by tabel 6(a)

- (1) Die vertikale kolomme 1 en 2 dui respektiewelik die gemiddelde ouderdomme van die hoofde volgens hulle verskillende grade (of groottes van hulle skole) aan en die getal antwoorde wat by elke groep in berekening gebring is.
- (2) Die ouderdomme van die klein getal hoofde uit Natal wat die vraelys beantwoord het, is in berekening gebring omdat die gemiddelde ouderdomme van dié hoofde nie veel van die verskillende groepe hoofde uit die ander provinsies verskil nie.
- (3) Die damehoofde wat hulle ouderdomme verstrek het se ouderdomme wissel tussen 33 en 60 jaar.

Die volgende afleidings kan nou uit tabel 6(a) gemaak word:

- (1) Die hoofde van die groter Afrikaanse primêre skole is in al drie die provinsies gemiddeld ouer as hulle kollegas by die kleiner skole. 'n Opvallende byna eweredige dalende neiging in die gemiddelde ouderdomme kom deurgaans ooreenkomstig die daling van die graad van die skool voor. Die verskynsel is gedeeltelik toe te skrywe aan die feit dat van die hoofde van PI- en PII-skole langer onderwyservaring voor aanstelling vereis word.
- (2) Behalwe in die geval van die 10 PI-hoofde van Kaapland, lê die gemiddelde ouderdomme van die verskillende groepe hoofde almal tussen die veertigste en vyftigste lewensjare wat as die eerste jare

van die rype middeljarige leeftyd beskou word.⁽¹⁹⁾ Gemiddeld lê daar vir die hoofde nog agtien en 'n half jaar van hoofskap voor voordat hulle die aftree-ouderdom op 65 jaar sal bereik. 'n Groot getal hoofde van die Afrikaanse primêre skool is jonger as 45 jaar. Meer as die helfte van die hoofde van die PIII- en PIV-skole is jonger as 40 jaar. Dit is 'n belangrike vereiste dat die hoof van die primêre skool jonk en lewenskragtig moet wees. Op grond van ouderdom alleen gereken, kan die hoof van die Afrikaanse primêre skool dit oor die algemeen geneem in ruime mate wees.

- (3) Die kleiner skool kan reeds vroeg in die onderwysloopbaan van die potensiele hoof as leerskool vir die hoofskap dien. In Kaapland word by die keuring van kandidate vir die hoofposte van PI- en PII-skole voorkeur gegee aan aansoekers wat reeds ervaring as hoofde opgedoen het.⁽²⁰⁾

Opmerkings by tabel 6(b):

- (1) Die vertikale kolomme 1 en 2 stel respektiewelik die gemiddelde ouderdomme van die hoofde van die verskillende tipes skole en die getal antwoorde wat by elk in berekening gebring is, voor.
- (2) Hoewel die gemiddelde ouderdomme van die hoofde van Natalse sekondêre skole op 'n klein getal hoofde bereken is, moet onthou word dat daar tans (1971) net 10 Afrikaanse sekondêre skole in Natal bestaan.
- (3) Die gemiddelde ouderdomme van die hoofde van gekombineerde sekondêre en primêre skole en van die beroepsskole is op grond

-
19. Vgl. ook A.A.S.A. The right principal for the right school, p.19. (Die gem. ouderdom van die hoof van die Amerikaanse primêre skool was in 1967 47 jr., mans en dames saam gereken).
N.E.A. The elementary school principalship in 1968....., p.10.
20. Vgl. K.O.D. Leidraad aan skoolkomitees en adviesrade i.v.m. benoemings en aanbevelings, bylae A, Algemeen, p.5.

TABEL 6(b): Die gemiddelde ouderdomme van manlike hoofde van Afrikaanse sekondêre skole

PROVINSIE	Gemiddelde ouderdomme van die hoofde van die verskillende tipes sekondêre skole								Totale gemiddelde ouderdom	Totale getal antw.
	Gewone sekondêre skole		Middelbare skole		Gekombineerde sek./pr. skole		Beroepskole			
	1	2	1	2	1	2	1	2		
Kaapland	44,5	93	41,3	24			46,5	4	45,3	121
Natal	51,8	6			41,5	4			47,7	10
Transvaal	50,6	60					47,0	8	50,1	68
Totale gem. ouderdomme	48,9		41,3		41,5		46,8		45,8	
Totale getal antwoorde		159		24		4		12		199

van onbeduidende getalle bereken. Die ouderdomme van hierdie klein getal hoofde kon egter nie die totale gemiddelde ouderdom van alle hoofde van Afrikaanse sekondêre skole veel beïnvloed nie.

- (4) Die gemiddelde ouderdom van 6 damehoofde van sekondêre skole wat vraag 4 beantwoord het, is 44,8 jaar.

Uit tabel 6(b) is nou die volgende afleidings te maak:

- (1) Die lae gemiddelde ouderdomme van die hoofde van Middelbare skole (Kp), gekombineerde sekondêre en primêre skole en selfs van die beroepskole is opvallend.
- (2) Die gemiddelde ouderdomme van die hoofde van die sekondêre skole in Kaapland is deurgaans laer as in die ander provinsies. Dit is waarskynlik in 'n groot mate daaraan toe te skrywe dat die sekondêre skole in Kaapland feitlik deurgaans kleiner as dié in die ander twee provinsies is. Indien dit die rede is, kan afgelei word dat ouer hoofde eerder as jong hoofde by groter skole aangestel word.
- (3) Dit is ook opmerklik dat die hoofde van gekombineerde skole gemiddeld jonger is as die hoofde van die gewone sekondêre skole.
- (4) Die totale gemiddelde ouderdom van die hoofde van die sekondêre skole is selfs laer as die totale gemiddelde ouderdom van die hoofde van die primêre skole. Vir die hoofde van die Afrikaanse sekondêre skole lê gemiddeld 19 jaar van hoofskap voor. Die hoofde verkeer gemiddeld ook in 'n lewensfase waarin produktiewe arbeid verrig kan word, net soos in die geval van die hoofde van die Afrikaanse primêre skole. Selfs die gemiddelde ouderdom (50,1 jaar) van die hoofde van Transvaalse skole kan in dié kategorie geplaas word. Daar moet in gedagte gehou word dat 35% van die Afrikaanse HI-skole in Transvaal ten opsigte waarvan

vraag 3 in die vraelys beantwoord is in Junie 1971 'n inskrywing van meer as 'n duisend leerlinge gehad het.⁽²¹⁾

- (5) Die jongste hoof van 'n Afrikaanse sekondêre skool in Transvaal wat die vraelys beantwoord het, is 40 jaar oud en die oudste 63 jaar. In Kaapland is die ooreenstemmende ouderdomme respektiewelik 31 en 65 jaar. Nie minder nie as 35 van die hoofde in Kaapland wat vraag 4 beantwoord het, is tussen 31 en 39 jaar oud. Die hoofde in Kaapland word beslis op 'n vroeër ouderdom hoofde van sekondêre skole as wat die geval in Transvaal is. Die grootte van die skole en die feit dat baie sekondêre skole in Kaapland ook primêre afdelings huisves, moet daarin die deurslaggewende faktore wees.
- (6) Indien dit waar is dat dit een van die belangrikste vereistes is dat hoofde jonk moet wees om veranderinge in die onderwys doeltreffend die hoof te bied en om vernuwing suksesvol te implementeer, dan behoort die grootste getal hoofde van die Afrikaanse primêre en sekondêre skole bevredigend aan die vereistes te voldoen.⁽²²⁾

6. Geslag

Die verhouding van manlike tot vroulike hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole wat vraag 5 van die vraelys beantwoord het, word in tabel 7 hieronder weergegee.

-
21. Vgl. A.A.S.A. The right principal for the right school, p.21. (Dit is opvallend dat die bevindinge in hierdie ondersoek sommige ooreenstemmende tendense met die van die A.A.S.A. aantoon).
 22. Vgl. Laburn, J.A. Die taak van die hoof en personeel (T.O.D. Stukke van die komitee vir die reëling van kursusse vir hoofde van skole, 1972).

TABEL 7: Die verhouding van die aantal manlike tot die aantal vroulike hoofde

Soort skool	PROVINSIE	MANLIK		VROULIK	
		Getal antw.	% van totaal	Getal antw.	% van totaal
Sekondêre skole	KP	121	97,6	3	2,4
	Natal	10	100,0	0	0
	Transvaal	68	94,4	4	5,6
	TOTAAL	199	96,5	7	3,5
Primêre skole	KP	129	92,8	10	7,2
	Natal	10	70,5	5	29,5
	Transvaal	250	99,6	1	0,4
	TOTAAL	389	96,1	16	3,9

Opmerkings:

- (1) Die damehoofde van sekondêre skole is almal hoofde van meisieskole, dit is gewone sekondêre skole vir meisies en huishoudskole.
- (2) Die damehoofde van primêre skole in Kaapland en Natal is hoofsaaklik hoofde van juniorskole (grade tot st. I) of hoofde van kleiner dorp en plattelandse skole.

Die gegewens in tabel 7 bevestig dus onteenseglik dat die hoofskap van die Afrikaanse primêre en sekondêre skool 'n betrekking is wat tradisioneel deur mans beklee word. By die primêre skool is dit 'n feit wat teen die agtergrond van dié waarheid gesien moet word dat die meerderheid personeellede vroulik is. In die stedelike sentra van die R.S.A. bestaan verskeie Afrikaanse primêre skole waar die verhouding van mans tot dames op die personeel ongeveer 2:9 en selfs kleiner is. Hierdie gegewens stem in 'n mate ooreen met die resultate van 'n ondersoek wat in 1968 ten opsigte van hoofde van primêre skole in die V.S.A. gedoen is.(23)

7. Huwelikstaat

Hieroor is geen vraag in die vraelys opgeneem nie. In 'n informele ondersoek na die huwelikstaat van die hoofde van primêre skole in Transvaal wat ingestel is tydens kursusse wat vir dié hoofde in 1969 te Pretoria aangebied is, is bevind dat meer as 90% van die manlike hoofde van Afrikaanse primêre skole getroud is. Die vroulike hoofde is in die reël onge-troud. Dit wil voorkom of verskeie van die vroulike hoofde van Afrikaanse primêre skole in Natal en Kaapland getroud is of was. Die afleiding word gemaak uit briewe wat sommige hoofde by hulle voltooië vraelyste ingesluit het. Die getroude vroulike hoofde is dan ook hoofde van PIV-skole.(24)

-
23. Vgl. N.E.A. The elementary school principalship in 1968.... pp.11-12. A.A.S.A. The right principal for the right school, pp.19, 21.
 24. Loc cit. (persentasie getroud in Amerika in 1968: 85,4%).

8. Kwalifikasies

8.1 Professionele kwalifikasies

Dit kan geen besondere doel dien om die groot verskeidenheid onderwyssekkertifikate of -diplomas wat hoofde as antwoord op vraag 6 van die vraelys verstrek het, op te som nie. Wat van belang is, is dat al die hoofde wat die vraelys beantwoord het wel oor professionele kwalifikasies beskik. Hoofde wat eers die graadstudie voltooi het, het die onderwyssekkertifikaat in die vierde jaar van hulle studie behaal. Sommige hoofde wat hoofsaaklik aan primêre skole verbonde is, het eers 'n driejarige gekombineerde diplomakursus (een jaar graadstudie en twee jaar diplomastudie) voltooi en daarna 'n graad deur middel van buitemuurse studie verwerf.

Die hoofde van sekondêre skole wat die vraelys beantwoord het, het almal minstens 'n gekombineerde vierjarige graad- en diplomakursus voltooi en voldoen dus almal aan die minimum kwalifikasie-vereistes vir aanstelling as hoofde van sekondêre skole.

Kolomme 1, m, n en o van tabel 8 hieronder dui respektiewelik aan watter getalle en persentasies van die hoofde van die verskillende grade primêre skole wat vrae 6 en 7 beantwoord het net oor 'n deel van die eerste graad en onderwysdiploma of net oor 'n onderwysdiploma alleen beskik. Hierdie hoofde voldoen ook almal aan die aanstellingsvereistes vir hulle onderskeie poste en kan in kategorieë C of B geklassifiseer word. Die persentasie hoofde van die verskillende grade primêre skole in Transvaal wat net oor 'n onderwysdiploma beskik, is opvallend laer as die in die ander twee provinsies. Daar is waarskynlik in verhouding minder mans met hoër kwalifikasies vir die primêre skole in Kaapland en Natal as in Transvaal beskikbaar. Dit mag ook wees dat die mans met hoër kwalifikasies óf meer belangstel in sekondêre onderwys óf doelbewus na die sekondêre skole getrek word, veral met die oog op die kroniese tekort aan opgeleide onderwysers wat onderrig in die sogenaamde skaarsvakke kan aanbied. (25)

25. Vgl. T.O.D. Verslag van die D.v.O. vir die jaar 1962, p. 10.

8.2 Akademiese kwalifikasies

8.2.1 Die hoofde van primêre skole

Opmerkings:

- (1) Die gegewens insake die professionele en akademiese kwalifikasies van manlike en vroulike hoofde wat die vraelys beantwoord het, is in hierdie tabel saam gereken.
- (2) Hoewel die opvoedkunde-grade B.Ed., M.Ed. en D.Ed. respektiewelik gelykwaardig is met honneurs-, meesters- en doktorsgrade, is die opgawes met betrekking tot die grade in die tabel apart aangedui ten einde tot sekere vergelykende afleidings te kom.

Uit die gegewens in tabel 8 kan onder andere die volgende afleidings gemaak word:

- (1) Hoewel dit van geen hoof van 'n primêre skool in die R.S.A. vereis word om oor enige akademiese kwalifikasies te beskik nie,⁽²⁶⁾ het ruim die helfte van die hoofde wat die vraelys beantwoord het 'n eerste graad verwerf. 'n Hoë akademiese kwalifikasie word as een van die kwaliteite van 'n goeie hoof beskou.⁽²⁷⁾ As nou in aanmerking geneem word dat byna een uit elke vier hoofde (vgl. horisontale kolom nr.18) van primêre skole wat die vraelys beantwoord het ook nagraadse grade verwerf het, skep die profiel van die hoof van die Afrikaanse primêre skool in die opsig 'n redelik gunstige indruk. In Kaapland en Transvaal is die posisie selfs gunstiger. In Kaapland het 65,5% van die hoofde van PI- en PII-skole volgens die gegewens in die tabel (vgl. kolomme 1 en 2: c-k) een of ander graad verwerf. Van hierdie hoofde het 36,8%

26. Vgl. tabel 5 op p. 142.

27. Vgl. N.E.A. Remaking the world of the career teacher, p.78.

PROVINSIE

KP

TOTAAL

NATAL

TOTAAL

TVL

TOTAAL

GROOT TOT.

% VAN
GROOT TOT.

% Hoofde met

% Hoofde me

nagraadse studies voltooi. In Transvaal is die ooreenstemmende persentasies in die verband respektiewelik 80,5% en 54,1%. (28)

In Transvaal bestaan dus onteenseglik 'n sterk tendens om ge-gradueerde onderwysers as hoofde van Afrikaanse PI-en PII-skole aan te stel en 'n ewe sterk tendens om voorkeur te gee aan kandidate wat oor nagraadse grade beskik. Die afleidings is waar in die geval van hoofde wat hulle grade verwerf het voordat hulle as hoofde aangestel is. Dit is 'n ervaringsfeit dat sommige hoofde nagraadse studie aandurf nadat hulle as hoofde aangestel is. In dié gevalle kan alleen die afleiding gemaak word dat die hoofde 'n begeerte het om hulle kwalifikasies te verbeter ten einde die eise wat hulle taak in toenemende mate aan hulle stel op doeltreffender wyse die hoof te bied.

- (2) In Kaapland en veral in Transvaal is dit nie die oorwegende neiging om kandidate wat net oor die minimum vereistes beskik in hoofposte by PI- en PII-skole aan te stel nie (vgl. kolomme 1 en 2 : 1 - o en II en 12 : 1 - o).
- (3) Die bewering word nie gemaak dat hoofde wat nie gegraduateer is nie, nie aan die eise wat hulle taak by PI- en PII-skole aan hulle stel, kan voldoen nie. Dit wil voorkom of in oorwegende mate voorkeur gegee word aan kandidate by wie akademiese kwalifikasies en ander goeie professionele hoedanighede gepaar kan word.
- (4) In Kaapland en Transvaal is selfs 'n redelike persentasie van die hoofde van Afrikaanse PIII- en PIV-skole gegraduateer en beskik sommige van hulle selfs oor nagraadse grade (vgl. kolomme 3 : c - f en 13, 14 : c - h). Dit kan aan allerlei persoonlike redes te wyte wees waarom hierdie hoofde nie in PI- of PII-poste aangestel word nie.

-
28. Die tipiese hoof van 'n primêre skool in Amerika beskik oor 'n meestersgraad. (83% in 1968: Vgl. A.A.S.A. The right principal for the right school, p.19).

- (5) 'n Redelike persentasie van die hoofde van Afrikaanse primêre skole kan ooreenkomstig hulle akademiese kwalifikasies in hoër kategorieë as die minimum vereiste kategorie vir die pos waarin hulle aangestel is, geklassifiseer word. Die salarisskale van hierdie hoofde word egter aan die grade van hulle skole gekoppel.⁽²⁹⁾ Hoofde van primêre skole ontvang geen salarisverhoging op grond van hulle akademiese kwalifikasies of na verbetering van hulle professionele of akademiese kwalifikasies nie. Hoër kwalifikasies mag daarom moontlik 'n kwalifikasie wees om 'n hoër graad pos te bekom. Hoofde van PI-skole wat hulle kwalifikasies deur studie verbeter, doen dit daarom seer sekerlik om onselfsugtige professionele redes.
- (6) As van die standpunt uitgegaan word dat nagraadse studie in die opvoedkunde die hoof as professionele leier in 'n groter mate bekwaam om sy taak doeltrefferder te verrig as wat spesialisering in 'n bepaalde skoolvak dit kan doen, dan kan 81,8% van die hoofde van primêre skole in Transvaal en 76,5% van die in Kaapland wat nagraadse studie gedoen het, in hierdie besondere kategorie geplaas word. As al die gegradueerdes in Kaapland en in Transvaal volgens die tabel (kyk kolom 5 : c-j en 15 : c-k) in aanmerking geneem word, dan het die volgende persentasies van die hoofde in die twee provinsies grade in Opvoedkunde behaal:

	Kaapland	Transvaal
PI-hoofde:	20,0%	50,8%
PII-hoofde:	34,6%	37,3%
PIII-hoofde:	28,6%	29,5%
PIV-hoofde:	<u>0%</u>	<u>50,0%</u>
	<u>25,0%</u>	<u>41,2%</u>

29. Vgl. bv. Die provinsie Transvaal. Buitengewone offisiële koerant, vol. 214, nr. 3566, 12 April 1972, pp.6-7.

TABEL 9: Klassifisering van die akademiese kwalifikasies van die hoofde van sekondêre skole

In die twee provinsies bestaan 'n redelike sterk neiging by die hoofde van die Afrikaanse primêre skole om hulle verder in Opvoedkunde te bekwaam. In die vorige hoofstuk is reeds bepaal dat die hoof veel meer as net 'n klas- of vakonderwyser moet wees. In die lig van die inhoud van die sillabusse wat die universiteite vir die B.Ed.-graad voorskryf, kan die afleiding gemaak word dat 'n akademiese studie in Opvoedkunde die hoof en die onderwyser direk professioneel rig. Op grond daarvan kan geponeer word dat 'n beduidende persentasie hoofde van Afrikaanse primêre skole die waarde van graadstudie in Opvoedkunde beseft.

8.2.2 Die hoofde van sekondêre skole

Uit tabel 9 kan die volgende afleidings gemaak word:

- (1) Die volgende vergelykende tabel, wat 'n samevatting van die gegewens in tabel 9 is, toon baie duidelik aan dat meer as 50% van die hoofde van sekondêre skole wat die vraelys beantwoord het oor hoër akademiese kwalifikasies beskik as die minimum vereistes wat vir aanstelling in die poste vereis word.

Uit hierdie tabel is dit ook duidelik dat as 'n hoof van 'n sekondêre skool sy akademiese kwalifikasies wil verbeter, die moontlikheid sterk is dat hy nagraadse studie in Opvoedkunde sal aandurf.

- (2) Dit mag ook wees dat by die aanbeveling van kandidate vir hoofposte van sekondêre skole voorkeur verleen word aan kandidate wat nagraadse studie voltooi het en dan veral in Opvoedkunde verder gestudeer het. Gesien die groot persentasie hoofde wat as gevolg van die gebrek aan tyd nie verder kan studeer nie, is die laasgenoemde moontlikheid die waarskynlikste.

TABEL 10: 'n Vergelykende tabel oor nagraadse studie in Opvoedkunde

	a	b	c	d	e
	% Hoofde wat	TVL	KP	NATAL	TOTALE %
1	Net oor eerste grade beskik	38,9	52,4	50	47,6
2	Nagraadse studie in Opvoedkunde gedoen het	38,9	38,7	40	38,8
3	Nagraadse studie in ander vakgebiede gedoen het	22,2	8,9	10	13,6
4	Deel wat nagraadse studie in Opvoed- kunde van alle nagraadse studie uit- maak	63,6	81,4	40	74,1

- (3) Die akademiese profiel van hierdie hoofde is selfs nog gunstiger as in aanmerking geneem word dat verskeie hoofde oor twee of meer nagraadse grade beskik en dat 6 ander hoofde elk twee eerste grade behaal het.
- (4) As ook hier van die standpunt uitgegaan word dat 'n graad in Opvoedkunde 'n hoof beter bekwaam om sy taak as professionele leier uit te voer, dan behoort ruim driekwart van die hoofde wat nagraadse studie gedoen het daartoe in staat te wees. Minder as 40% van die totale getal hoofde van sekondêre skole wat die vrae lys beantwoord het, het egter grade in Opvoedkunde behaal. (Kyk tabel 10, kolomme 2—e hierbo). Daarvan kan afgelei word dat ongeveer 60% van die hoofde moontlik meer vak- of vakkundig-gerig mag wees in die benadering van hulle professionele taak.(30)
- (5) Die hoof van die sekondêre skool se salarisskaal word ook, soos in die geval van sy kollega by die primêre skool, aan die graad van sy skool gekoppel. Indien die hoof van die sekondêre skool sy akademiese kwalifikasies verbeter, moet dit dan ook om onselfsugtige redes geskied. Meer as 50% van hierdie hoofde moet dan ook hulle akademiese kwalifikasies verbeter het om die toenemende eise van die onderwys die doeltreffendste die hoof te kan bied.

Word die gegewens van die akademiese kwalifikasies van die hoofde van primêre skole met die van die hoofde van sekondêre skole vergelyk, kom die volgende onder andere na vore:

- (1) Van die hoofde van sekondêre skole het 52,4% nagraadse studie gedoen, teenoor 23,7% van die hoofde van primêre skole. Van die

hoofde wat nagraadse studie gedoen het, het 74,1% van die hoofde van sekondêre skole en 78,1% van die hoofde van primêre skole ook grade in Opvoedkunde behaal. Dit wil dus voorkom of die hoofde van primêre skole wat nagraadse studie aandurf nog meer as die hoofde van sekondêre skole geneig is om verder in die Opvoedkunde te studeer. Die meerderheid van die hoofde van primêre en van sekondêre skole volstaan egter met die B-grad in die Opvoedkunde (primêre: 72% en sekondêre: 74,1%). Daaruit is verder af te lei dat 'n geringe persentasie meer hoofde van primêre skole M- en D-grade in Opvoedkunde behaal het as hulle kollegas by die sekondêre skole. (31)

- (2) Van die totale getal hoofde het egter net 38,8% (ongeveer 2 uit elke 5) van die hoofde van sekondêre skole en 18,5% (ongeveer 1 uit elke 5) van die hoofde van primêre skole grade in die Opvoedkunde behaal.
- (3) Oor die algemeen geneem het die hoofde van sekondêre skole 'n groter verskeidenheid grade behaal as die gegradueerde hoofde van primêre skole.
- (4) Die status van die hoofde word steeds aan die bepaalde pos en ook aan die grootte van die skool gekoppel. (32) Die hoofpos van die sekondêre skool word in die reël as van 'n hoër status as die hoofpos van die primêre skool beskou, ongeag of laasgenoemde oor hoër akademiese kwalifikasies as eersgenoemde beskik. Die salarisskale van die hoofde van sekondêre skole is ook deurgaans hoër as die van die hoof van primêre skole, ongeag die feit dat 'n sekondêre skool minder as 200 leerlinge op die rol mag hê en 'n

31. Vgl. Trump, J.L. and Karasik, L.S. op. cit. p.6. In 1966 het die grootste meerderheid hoofde van Amerikaanse sekondêre skole wat lede is van NASSP oor meestersgrade beskik. Meer as die helfte het gevorderde navorsing op na-meestersgraadvlak gedoen.

32. Kyk pp. 65, 69, 81.

primêre skool daarenteen 'n inskrywing van 1 000 of meer leerlinge mag hê.(33)

8.3 Eerste grade en hoofvakke

'n Volledige opname is gemaak net van die antwoorde wat die hoofde van sekondêre skole op vrae 7.2 en 7.3 van die vraelys verstrek het. Daar is bevind dat die hoofde elkeen een van die drie bekendste eerste grade behaal het, nl. 'n BA-, B.Sc- of B.Com-graad. Die verhouding waarin die eerste grade deur al die hoofde saam gereken behaal is, is 6 : 5 : 1, dit wil sê vir elke 6 hoofde wat BA-grade behaal het, is daar 5 hoofde wat B.Sc-grade en 1 hoof wat 'n B.Com-graad behaal het.

'n Studie in die lettere, wysbegeerte en sosiale wetenskappe kom dus die meeste voor by hierdie hoofde.

Van die hoofde wat 'n BA-graad as eerste graad behaal het, het 18,2% twee tale as hoofvakke, 27,3% 'n taal en 'n sosiale wetenskap as hoofvakke 15,1% twee sosiale wetenskappe (bv. Geskiedenis, Aardrykskunde, Sosiologie) as hoofvakke en 39,4% 'n verskeidenheid kombinasies van vakke as hoofvakke gekies. Van die hoofde wat 'n B.Sc-graad as eerste graad behaal het, het 37% Wiskunde saam met 'n ander natuurwetenskaplike vak en 18,5% Dierkunde en Plantkunde as hoofvakke geneem.

Afrikaans-Nederlands (20,8%) en Wiskunde (15,3%) is die twee enkele vakke wat deur die meeste hoofde as hoofvakke vir die eerste graad geneem is.

8.4 Addisionele kwalifikasies

Van al die hoofde van primêre en sekondêre skole wat die vraelys beantwoord het, meld net drie dat hulle diplomas in musiek, in landbou en in tegniese onderwys verwerf het.

33. Vgl. bv. Die Provinsie Transvaal. Buitengewone offisiële koerant, Vol. 214, nr. 3566, 12 April 1972, pp. 6-7.

8.5 Hoe hoofde hulle opleiding (professioneel en akademies) beskou

Tabel 11 bevat 'n opgaaf van die persentasie hoofde van die primêre en sekondêre skole van die drie provinsies wat hulle professionele en akademiese kwalifikasies as onvoldoende beskou vir die doeltreffende uitvoering van hulle taak.

TABEL 11: Persentasie hoofde wat hulle opleiding as onvoldoende beskou

Provinsie	Primêre skoolhoofde	Sekondêre skoolhoofde
Kaapprovinsie	32,4	26,4
Natal	33,3	0
Transvaal	16,9	19,4
Gesamentlike %	21,5	22,8

Uit hierdie tabel blyk dit dus dat ongeveer een-derde van die hoofde van primêre skole in Kaapland en Natal hulle opleiding as onvoldoende beskou. Volgens tabel 11 hierbo is dit ook in dié twee provinsies waar die meeste hoofde van primêre skole voorkom wat slegs 'n twee- of drie-jarige professionele opleidingstydperk voltooi het. Dit is daarom te begryp waarom hierdie hoofde graag hulle kwalifikasies wil verbeter. In Transvaal is dit veral die hoofde van PIII-skole wat hulle opleiding as onvoldoende beskou. Daar moet egter in gedagte gehou word dat sommige hoofde van primêre skole wat reeds een of meer grade behaal het ook hulle opleiding as onvoldoende beskou. Hierdie hoofde mag dus van oordeel wees of die behoefte daaraan voel dat die gewone professionele en akademiese opleiding

wat ook vir die gewone onderwyser geld, nie aan hulle bevredigende agtergrond en kennis verskaf om doeltreffend die eise van hoofskap die hoof te bied nie.

8.6 Verdere studie

In watter mate is die hoofde wat die vraeys beantwoord het besig om hulleself beter te bekwaam vir hulle taak? Die antwoorde op vraag 10.1 moet saam gelees word met die gegewens wat uit die antwoorde op vrae 9 en 10.3 verkry is.

TABEL 12: Persentasie hoofde besig met verdere studie

Provinsie	Hoofde van primêre skole	% Hiervan wat prof. kwal. verbeter	% Hiervan besig met Opvoedkundegraad	Hoofde van sekondêre skole	% Hiervan besig met Opvoedkundengraad
Kaapprovinsie	19,4	1,6	28	20,2	68
Natal	6,6	0	0	10,0	0
Transvaal	21,9	12,7	29,1	8,3	66,7

Dit is nie 'n opvallende trek van die hoof van die Afrikaanse skool om sy kwalifikasies, hetsy professioneel of akademies, formeel te verbeter nie. Dit is wel opvallend dat die meerderheid hoofde van sekondêre skole wat verder studeer 'n graadstudie in Opvoedkunde aangepak het. Enkele hoofde van primêre skole in Transvaal maak waarskynlik gebruik van die studiegeriewe en -beurse wat die Transvaalse Onderwysdepartement aanbied vir onderwysers wat hulle professionele of akademiese kwalifikasies wil verbeter.

Dit is ook opvallend dat verskeie hoofde van primêre en sekondêre skole wat hulle opleiding as onvoldoende beskou, tog nie besig is met verdere studie nie. Aan die ander kant is daar ook hoofde wat hulle opleiding

as voldoende beskou wat wel met verdere studie besig is. Die meerderheid van die hoofde van primêre skole wat met verdere studie besig is, het die suksesvolle voltooiing van 'n eerste graad voor oë.

Dit wil dus uit hierdie gegewens voorkom of die meerderheid hoofde hulle kwalifikasies verbeter nog voordat hulle as hoofde van skole aangestel word. Indien dit die geval is, dan studeer die onderwyser van die Afrikaanse skool verder om veral 'n hoër graad pos te probeer bekom. Dan is die tendens onder Afrikaanse onderwysers om hoër kwalifikasies as die minimum vereistes wat vir bepaalde poste gestel word, te bereik redelik sterk en is die tendens ook sterk dat skoolkomitees en beheerrade aan sodanige kandidate voorkeur gee wanneer hulle aanbevelings vir bepaalde hoofposte moet doen.

Daar moet 'n bepaalde rede of redes voor wees waarom dit 'n opvallende trek van die hoofde van die Afrikaanse skole is om nie oor die algemeen verder te studeer nadat hulle aanstellings as hoofde gekry het nie. Die beleid van die Onderwysdepartemente om nie die kwalifikasies van die hoof vir salarisdoeleindes in aanmerking te neem nie, mag ook 'n belangrike rede wees. Volgens die antwoorde wat hoofde op vraag 10.3 verstrek het, is daar veral vier redes waarom hoofde nie formeel verder studeer nie. Daardie redes is in orde van belangrikheid die volgende:

Wil graag, maar het nie voldoende tyd nie
 Beskou huidige kwalifikasies as voldoende
 Reeds te oud
 Te lank gelede laas gestudeer, kontak verloor

Of die primêre verpligtinge van die hoof is in die huidige opset van sodanige omvang dat die hoof nie geleentheid het om verder te studeer nie, of die aandag en kragte van die hoof word in te 'n groot mate deur allerlei sake van sekondêre belang vir die onderwys in beslag geneem.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die provinsies reeds sedert jare oriënteringskursusse van allerlei aard t.w.v. die ontwikkeling van die kennis en vermoëns van die onderwysers aanbied. Die hoofde moet noodwendig sommige van die kursusse self bywoon óf doeltreffende

TABEL 13(a): Die persentasie hoofde van sekondêre skole wat spesifieke aantalle boeke gelees het

Aantal hoofde in persentasies uitgedruk	PROVINSIE	Aantal boeke					
		Geen	1—3	4—6	7—9	10 en meer	
	Kaapprovinsie	10,8	49,2	15,8	8,4	15,8	
	Natal	20,0	30,0	30,0	10,0	10,0	
	Transvaal	15,9	41,3	20,6	4,7	17,5	
Gem. %	13,0	45,6	18,1	7,3	16,0		
	Totale getal antw.	25	88	35	14	31	193

TABEL 13(b): Die persentasie hoofde van primêre skole wat spesifieke aantalle boeke gelees het

Aantal hoofde in persentasies uitgedruk	PROVINSIE	Aantal boeke					
		Geen	1—3	4—6	7—9	10 en meer	
	Kaapprovinsie	11,4	34,3	25,2	7,6	21,5	
	Natal	13,3	40,0	6,7	6,7	33,3	
	Transvaal	8,5	42,6	22,3	11,5	15,1	
	Gem. %	9,6	39,8	22,7	10,1	17,8	
	Totale getal antw.	39	161	92	41	72	405

Opmerkings by tabelle 13(a) en (b):

- (1) Die aantal hoofde is telkens in persentasies uitgedruk ten einde 'n eenvormige basis vir vergelyking daar te stel.
- (2) Die opgawes van die hoofde is gebruik soos hulle dit aangegee het, ongeag bykomstige opmerkings wat sommige by die vraag of hulle antwoorde geskryf het.

planne vir die implementering van die inhoud daarvan by hulle skole daarstel. Daarbenewens het van die provinsies reeds begin om kursusse aan te bied wat die ontwikkeling van die hoof as professionele leier in sy skool ten doel het. Sodanige kursusse word gratis aangebied. Ook word geen formele eksamens aan die einde van die kursusse afgelê nie en geen formele erkenning vir die bywoning daarvan gegee nie. Hierdie kursusse neem baie van die hoofde se tyd in beslag. Dit mag wees dat sommige hoofde daardeur nie voldoende tyd oorhou om formeel verder te studeer nie. Dit mag ook wees dat hoofde hierdie kursusse as voldoende vir hulle verdere opleiding beskou en formele studie daarom as onnodig ag. 'n Groot getal hoofde wat hulle opleiding as voldoende beskou, beskou dit dan ook as noodsaaklik dat gereelde kursusse vir beginner-hoofde aangebied word en dat sodanige kursusse periodiek vir diensdoende hoofde herhaal word.⁽³⁴⁾

8.7 Die gemiddelde aantal opvoedkundige boeke gelees

Die gereelde lees van 'n verskeidenheid opvoedkundige geskrifte van akuele belang, is een van die faktore wat besonderlik tot die vorming en ontwikkeling van die hoof bydra.⁽³⁵⁾ Die verspreidingstabelle 13(a) en (b) gee enigsins 'n vergelykende beeld van hoeveel boeke wat oor Opvoedkunde, opvoeding of onderwys handel deur die hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole in die drie provinsies gelees is. Die betroubaarheid van die gegewens kan egter nie bo alle twyfel gestel word nie. Uit die opmerkings wat verskeie hoofde by hulle antwoorde op vraag 10.4 geskryf het, is dit af te lei dat 'n redelike getal hoofde tydskrifartikels in die verband as boeke getel het of dat hulle 'n blote skatting gemaak het van die getal boeke wat hulle gedurende die onderhawige tydperk gelees het.

Uit die gegewens in die tabelle kan egter afgelei word dat die meerderheid hoofde van primêre en van sekondêre skole gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het gemiddeld van 1 tot 3 boeke gelees het. Van die hoofde van primêre skole het 62,5% en van die hoofde van sekondêre skole het 63,7% gemiddeld 1 tot 6 boeke gelees. Hoofde wat met

34. Kyk p. 269.

35. Vgl. Jordan, W.C. *Elementary school leadership*, pp.97–98.

verdere studie besig is, het feitlik deurgaans aangedui dat hulle 7 en meer boeke gelees het.

As in aanmerking geneem word dat die hoofde in byna honderd persent gevalle lede van die verskillende onderwysersverenigings is, dat hierdie verenigings gereeld waardevolle artikels in hulle lyforgane publiseer en dat skole voor of na oriënteringskursusse in die reël die inhoud van kursus-referate op skrif ontvang, dan kan gekonstateer word dat die hoofde van die Afrikaanse primêre en sekondêre skole in 'n redelike mate kennis maak met aktuele opvoedkundige leesstof. Daarby moet in aanmerking geneem word dat die hoofde by oriënteringskursusse, by hoofdekurssuse, by onderwysersvergaderings, by hoofdekringvergaderings en by hulle eie personeelvergaderings gereeld geleentheid kry om oor allerlei aspekte van die opvoedkunde, onderwys en opvoeding te konfereer.

Die hoofde van die Afrikaanse skole, veral die in Transvaal, het beslis genoegsaam geleentheid om hulle deur die lees van opvoedkundige geskrifte en deur gesprekke op die hoogte te stel met die jongste ontwikkelinge op onderwysgebied.

Die hoofde van Afrikaanse skole is oor die algemeen begerig om hulle kennis van hulle taak te vermeerder ten einde beter diens te kan lewer.

9. Ervaring .-

9.1 Inleiding

Soos reeds gemeld, is onderwyserervaring een van die belangrikste aspekte wat in Transvaal by die keuring van kandidate vir hoofposte in oorweging geneem word.⁽³⁶⁾ Die tipes onderwyserervaring wat die hoof opgedoen het, behoort in die verband van nog groter belang te wees. Daar sal in aanmerking geneem moet word wat die aard en omvang van sy

36. Kyk p. 146.

ervaring as vak- of klasonderwyser is, hoeveel ervaring hy as vise-hoof en adjunk-hoof het en of hy reeds enige ervaring as hoof van 'n skool opgedoen het. Die eksakte omvang van ervaring kan by keuring alleen nooit genoeg inligting oor die kandidaat voorsien nie. Dit behoort ook nooit as losstaande eenheid van hoofskap behandel of oorweeg te word nie, maar moet in die eenheid van hoofskap saam met die ander belangrike komponente, soos die kwalitatiewe persoonlike hoedanighede en die kwalifikasies van die kandidaat oorweeg word.

Ervaring sal ook steeds 'n relatiewe begrip bly. Dit is van kardinale belang om vas te stel of 'n bepaalde kandidaat vir 'n hoofpos konstruktief van sy ervaring gebruik maak, of hy uit sy ervaring leer en of dit op so 'n wyse tot integrale deel van sy vermoë ingebou is dat dit sy aanspraak op 'n bepaalde pos verhoog. Dit is hier waar die sogenaamde "plafon" of optimum vermoë van 'n werknemer binne die kader van die eise wat 'n bepaalde pos stel, ter sprake kom. Dit is met hierdie ondersoek egter nie die doel om die "plafonne" van hoofde te probeer vasstel nie.⁽³⁷⁾

Die doel met die vrae oor ervaring in die vraelys was om sekere eksakte gegewens oor sekere tipes ervaring wat hoofde van Afrikaanse skole opgedoen het te versamel, dit op 'n gelykvormige basis te verwerk en daaruit sekere vergelykings te tref en afleidings te maak wat daartoe kan bydra dat 'n beter begrip van die hoofskap van die Afrikaanse skool verkry sal word.

9.2 Sekere aspekte van die onderwyservaring van die hoofde van Afrikaanse primêre skole

Tabel 14 bevat gegewens wat verkry is uit die antwoorde wat manlike hoofde van primêre skole in Kaapland, Natal en Transvaal op vrae 16 tot 19 van die vraelys verstrek het.

37. Kyk p. 284.

	PIV	21	4,1	—	7,4	22,7	32,5	2,0	—
Gemiddeld	—	222	5,0(142)	2,0(43)	10,8	22,7	36,5	2,1	—
Tot. gemiddeld	—	360	5,0(183)	2,0(48)	11,1	22,8	36,6	2,0	—
Gem. van dames		5	11,0(2)	—	4,4	19,5	48,3	1,3	—

Opmerkings en verdere inligting by tabel 14:

(1) Algemeen:

- (a) Die getalle wat in die vertikale kolomme d en e tussen hakies aangegee is, verteenwoordig die aantal antwoorde waarop die gemiddeld ten opsigte van elke provinsie en die totale gemiddeld vir die betrokke afdelings bereken is.
- (b) Die pos van adjunk-hoof by primêre en sekondêre skole is 'n instelling van resente datum. In Kaapland en Natal is die pos, sover vasgestel kan word, selfs later as in Transvaal ingestel.
- (c) Een van die dames is hoof van 'n PI-skool, één hoof van 'n PIII-skool en drie hoofde van PIV-skole.
- (d) Die gegewens oor ervaring moet met dit wat oor die ouderdom van die hoofde gestel is, saam gelees word.

(2) Kaapprovinsie:

- (a) Net een hoof van 'n primêre skool was voorheen hoof van 'n sekondêre skool.
- (b) 'n Beduidende getal hoofde in Kaapland het begin as "hoofde" van eenmanskole.
- (c) Van die PI-hoofde het 30% en van die PII-hoofde het 62,2% geen ervaring as vise-hoof of as adjunk-hoof gehad nie.

(3) Transvaal:

- (a) In Transvaal het 10% van die PI-hoofde en 13% van die PII-hoofde geen ervaring as vise-hoof of as adjunk-hoof gehad nie.

- (b) Een hoof het net ervaring as assistent en as adjunk-hoof gehad, maar geen ervaring as vise-hoof nie.
- (c) Van die hoofde in Transvaal het 37,7% beide ervaring as vise-hoof en as adjunk-hoof opgedoen voordat hulle as hoofde aangestel is.
- (d) Twee en twintig hoofde in Transvaal was ouer as 25 jaar by die aanvaarding van hulle eerste aanstellings as onderwysers. Die rede hiervoor moet wees dat Transvaal vanaf die vyftigerjare tot die einde van 1964 'n deeltydse onderwys-opleidingskursus aangebied het. Verskeie persone uit ander beroepe het van die geleenthede gebruik gemaak om hulle as onderwysers te bekwaam. Van hierdie persone moet 'n redelike getal hoofde geword het.

(4) Natal

- (a) Die aantal hoofde in Natal wat die vraelys beantwoord het, is te klein om enigsins geldige vergelykings tussen die gegewens van die hoofde en die van die ander twee provinsies te tref.
- (b) Die grootste persentasie antwoorde van vroulike hoofde is uit Natal ontvang.
- (c) Die gegewens van die manlike hoofde in die provinsie is by die berekening van die totale gemiddeld in aanmerking geneem.

Die volgende afleidings kan onder andere uit die gegewens in tabel 14 gemaak word:(38)

- (1) Die hoofde van primêre skole in Kaapland het gemiddeld minder onderwyserervaring (11,1 jaar) as die in Transvaal 13,8 jaar) wanneer

38. Vgl. ook A.A.S.A. The right principal for the right school, pp.20—21.

hulle as hoofde aangestel word. In Kaapland bestaan die beleid om by die aanstelling van hoofde voorkeur te gee aan kandidate wat reeds ervaring as hoof opgedoen het. Dit moet ook die rede wees waarom 'n groter persentasie hoofde in Transvaal ervaring as vise-hoofde en adjunk-hoofde opgedoen het as die in Kaapland. Die hoë gemiddelde aantal jare onderwyservaring (20 jaar) voor aanstelling as hoof van die manlike hoofde in Natal is opvallend.

Die gemiddelde aantal jare onderwyservaring voor aanstelling van die hoofde van Afrikaanse primêre skole is deurgaans hoër as die minimum vereistes van die provinsies in die verband.

- (2) Die hoofde van Kaaplandse primêre skole word gemiddeld op 'n vroeër ouderdom as dié in Transvaal tot hoofde bevorder. Die opmerking onder (3)(d) hierbo mag 'n bydraende oorsaak daarvan wees. In 1968 was die hoof van die primêre skool in Amerika by aanstelling gemiddeld 33 jaar oud.⁽³⁹⁾ Die manlike hoof van die Afrikaanse primêre skool het die vooruitsig om gemiddeld ongeveer 30 jaar lank hoof te wees voordat hy op die ouderdom van 65 jaar moet aftree.
- (3) Onderwyseresse begin gemiddeld op 'n vroeër leeftyd as die mans-onderwysers skoolhou, maar word gemiddeld op 'n hoër ouderdom as die mans tot hoofde van primêre skole bevorder. Net vyf dame-hoofde se gegewens is egter hier in aanmerking geneem. Dit toon nietemin 'n beduidende ooreenkoms met die bevinding van die bogenoemde D.E.S.P.-ondersoek wat in 1968 in dié verband uitgevoer is.
- (4) Dit wil voorkom of die hoofde in Kaapland effens langer as die hoofde in Transvaal by een skool hoof bly voordat hulle verskuif. Die hoofde van die Afrikaanse primêre skole in die R.S.A. bly gemiddeld 5,6 jaar (ongeveer 5 jaar 7 maande) lank hoof van een

39. Vgl. N.E.A. The elementary school principalship in 1968...., p.12.

skool voordat hulle verskuif. Die hoofde van die kleiner skole wissel nie opvallend gouer as die hoofde van die groter skole nie. 'n Redelike mate van kontinuiteit van hoofskap by een skool bestaan dus by die hoofde.

- (5) Die hoofde van die Afrikaanse primêre skole wat die vraelys beantwoord het, het gemiddeld ongeveer 10 jaar lank ervaring van hoofskap. Hulle kan as ervare hoofde beskou word. Hulle ervaring as hoofde kan as geldende faktor in hulle leiding, beslissings en selfs antwoorde op vrae in 'n vraelys beskou word.
- (6) Die hoofde van Afrikaanse primêre skole bly in die reël hoofde van primêre skole, ten spyte daarvan dat ongeveer een-kwart van die hoofde nagraadse grade verwerf het. Dit wil dus voorkom of die aard van die ervaring wat die hoof opgedoen het 'n belangriker faktor by aanstelling is as die akademiese kwalifikasies wat hy behaal het. Dit gebeur wel dat hoofde van primêre skole as hoofde van sekondêre skole aangestel word.
- (7) Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal hoofde van PI- en PII-skole in Kaapland en Transvaal geen ervaring as vise- of adjunk-hoof opgedoen het nie. Die hoofde was waarskynlik hoofde van PIV-skole wat bevorder is. Dit is moontlik dat 'n assistent of senior assistent die hoof van 'n PIV-skool kan word.

9.3 Sekere aspekte van die onderwyservaring van die hoofde van Afrikaanse sekondêre skole

Die antwoorde wat die manlike hoofde van die verskillende tipes sekondêre skole op vrae 16 en 19 van die vraelys verstrek het, is ten opsigte van die drie provinsies saam verwerk en word in tabel 15(a) aan-gegee.

Opmerkings en bykomstige inligting by tabel 15(a):

- (1) Algemeen
 - (a) Die gegewens van die vroulike hoofde van sekondêre skole

is hier geheel en al weggelaat omdat hulle so gering in getal is en hulle ook nie volledige antwoorde op vrae 16 tot 19 verstrek het nie.

- (b) Verskeie van die manlike hoofde het ook nie volledige antwoorde op die vrae verstrek nie.
- (c) Die getalle tussen hakies dui die getal antwoorde waarop die gemiddeld van elke afdeling bereken is aan.

(2) Kaapprovinsie

- (a) 26 hoofde van hierdie provinsie het volgens hulle antwoorde geen ervaring as vise- of as adjunk-hoof opgedoen nie. Elf van hulle was wel voorheen hoofde van primêre skole. (Kyk bevinding 4 op p.183).
- (b) Net 7 hoofde het voorheen ervaring as vise-hoof en as adjunk-hoof gehad.
- (c) 44 van hierdie hoofde was reeds hoofde van 2 tot 4 verskillende skole, terwyl nog 5 reeds die hoofde van 4 of meer skole was.

(3) Natal

- (a) Net een van die tien hoofde het geen ervaring as vise- of as adjunk-hoof nie. Hy was wel voorheen hoof van 'n primêre skool. (Kyk par. 6 op p.178).
- (b) Al vyf die hoofde wat ervaring het as adjunk-hoofde was vantevore ook vise-hoofde.
- (c) Drie van die hoofde was elk reeds die hoof van twee verskillende sekondêre skole. Hulle gemiddelde tydperk van verblyf by een skool is 3 jaar.

TABEL 15(a): Die onderwyservaring van die hoofde van Afrikaanse sekondêre skole

PROVINSIE	Gem. aantal jare ervaring as:			Gem. ouderdom by aanstelling as:		Gem. getal hoofposte beklee	
	Vise-hoof	Adjunk-hoof	Hoof	Onderwyser	Hoof	Primêre skole	Sekondêre skole
a	b	c	d	e	f	g	h
1 Kaapprovinsie	3,9	2,4	6,7	22,7	37,3	1,3	1,6
2 Getal antwoorde:	(73)	(7)	(109)	(114)	(114)	(11)	(109)
3 Natal	3,2	1,0	4,9	21,0	38,7	1,0	1,0
4 Getal antwoorde:	(5)	(5)	(10)	(10)	(10)	(3)	(10)
5 Transvaal	4,7	3,0	9,3	22,0	39,1	1,0	1,8
6 Getal antwoorde:	(67)	(23)	(66)	(69)	(69)	(9)	(69)
7 TOTALE GEMIDDELD	4,1	2,5	7,6	22,4	38,0	1,1	1,5
8 TOTALE GETAL ANTWOORDE	(145)	(35)	(185)	(193)	(193)	(23)	(188)

(4) Transvaal

- (a) Drie van hierdie hoofde het geen ervaring as vise-hoof of as adjunk-hoof opgedoen nie. Al drie was wel voorheen hoofde van primêre skole.
- (b) 22 uit die 23 hoofde wat ervaring as adjunk-hoofde het, was voorheen ook vise-hoofde.
- (c) Altesaam 9 (12 %) van die hoofde wat die vraelys beantwoord het, was voorheen hoofde van primêre skole.
- (d) Hoofde wat elkeen reeds hoof van 2 sekondêre skole was, het gemiddeld 6,8 jaar by een skool hoof gebly. Die grootste wisseling kom voor by een hoof wat binne 14 jaar hoof van 3 verskillende sekondêre skole was.

(5) Gegewens van hoofde met grade in Opvoedkunde

Word die gegewens ten opsigte van vertikale kolomme d, e en f van tabel 15(a) van dié hoofde wat grade in Opvoedkunde verwerf het apart bereken en vergelyk met die gegewens van al die hoofde van sekondêre skole wat nie grade in Opvoedkunde verwerf het nie, dan word die volgende verkry:

TABEL 15(b): Die gegewens oor ervaring van die hoofde met grade in Opvoedkunde vergelyk met die van die ander hoofde

Kategorie	Gem.aantal jare ervaring as hoof	Gemid. ouderdom by aanstelling as	
		Onderwyser	Hoof
Hoofde met grade in Opvoedkunde	6,8	22,1	37,6
Hoofde sonder grade in Opvoedkunde	8,2	23,0	38,9

Uit die gegewens in tabel 15(a) en die ander inligting wat hierbo oor die ervaring van hoofde van sekondêre skole verstrek is, kan onder andere die volgende afleidings gemaak word:

- (1) Soos in die geval van die hoofde van Afrikaanse primêre skole in Kaapland, word die hoofde van Afrikaanse sekondêre skole in dié provinsie op 'n vroeër ouderdom as die hoofde in die ander provinsies aangestel en het hulle ook op daardie stadium gemiddeld minder onderwyservaring as hulle kollegas in die ander provinsies opgedien (Kp : 14,6 jaar; Natal : 17,7 jaar; Tvl : 17,1 jaar). Weer moet in gedagte gehou word dat in Kaapland nie alleen 'n groot aantal kleiner sekondêre skole as in die ander provinsies bestaan nie, maar in dié provinsie word ook 'n groot aantal gekombineerde primêre en sekondêre skole aangetref wat as sekondêre skole geklassifiseer word.
- (2) Die hoof van die Afrikaanse sekondêre skool het die vooruitsig om gemiddeld 27 jaar lank hoof te wees voordat hy op die ouderdom van 65 jaar moet aftree. Die hoofde van die Afrikaanse sekondêre skole word gemiddeld op 'n hoër ouderdom (38 jaar) aangestel as hoof as wat die geval met die hoofde van die Afrikaanse primêre skole is (36,6 jaar).
- (3) Die hoofde van die Afrikaanse sekondêre skole beskik ook gemiddeld oor langer onderwyservaring as hulle kollegas by die primêre skole wanneer hulle as hoofde aangestel word. Daar moet in gedagte gehou word dat 'n redelike getal hoofde van die Afrikaanse primêre skole nie gegradueer is nie en hoofde van kleiner plaas- en dorpskole is.

Die gegewens in hierdie en vorige paragrawe dui sterk op die gebruik of tendens in Suid-Afrika dat van die hoof van die sekondêre skool verwag word om ryper in ouderdom, ervaring en kwalifikasies te wees as sy kollega by die primêre skool wanneer hy as hoof van 'n sekondêre skool aangestel word.

- (4) Dit gebeur wel in die R.S.A. dat onderwysers as hoofde van primêre en van sekondêre skole aangestel word sonder dat hulle selfs ervaring

as vise- of as adjunk-hoofde opgedoen het. In die geval van die hoofde van primêre skole kan dit moontlik verklaar word uit die feit dat assistente of senior assistente as hoofde van kleiner plaas-skole aangestel word en daarna bevordering ontvang. As die betrokke hoofde van sekondêre skole die gegewens op hulle vraelyste korrek ingevul het, dan kan die verskynsel wat die hoofde van sekondêre skole betref nie verklaar word nie. Daar is gevind dat die verskynsel hom veral in die geval van sommige hoofde van sekondêre skole in Kaapland voordoet. (Kyk opmerking 2(a) op p.179).

- (5) Dit het ook in al drie provinsies reeds voorgekom dat hoofde van primêre skole aangestel word as hoofde van sekondêre skole: een uit elke 9 (11,2%) hoofde van Afrikaanse sekondêre skole het ervaring as hoofde van primêre skole opgedoen. Dit gebeur uiters selde dat 'n hoof van 'n sekondêre skool aangestel word as hoof van 'n primêre skool. (Kyk tabel 14 kolomme 1—j). Dit mag voorkom dat 'n gekombineerde skool sy sekondêre skool-status as gevolg van die daling van getalle verloor en die pos van die hoof daarmee saam gedegradêr word tot die van primêre skool-status.
- (6) Die oorwegende tendens met betrekking tot die aanstelling van hoofde van sekondêre skole is dat bevordering geleidelik geskied, dit wil sê stap-vir-stap van 'n laer graad pos na 'n hoër graad pos. Die bevorderingslyn sien daar dan nagenoeg soos volg uit: assistent-senior assistent-vise-hoof-adjunk-hoof-hoof HII en/of Hoof HI.
- (7) Die gemiddelde aantal jare ervaring as hoof van die hoofde van sekondêre skole is minder as dié van die hoofde van primêre skole. Dan moet in aanmerking geneem word dat die hoofde van die sekondêre skole gemiddeld jonger is as hulle kollegas by die primêre skole (kyk tabelle 6(a) en (b)) en dat eersgenoemde gemiddeld op 'n hoër ouderdom as bogenoemde aangestel word as hoofde.

- (8) Die neiging om te vestig is ook sterk by die hoofde van die Afrikaanse sekondêre skole teenwoordig. Die hoofde wat die vraelys beantwoord het, het gemiddeld 7,6 jaar ervaring as hoof en het tot op hierdie stadium (Sept. 1971) gemiddeld 6,5 jaar by een skool hoof gebly. In die geval van enkele hoofde in Kaapland is die verskuiwingstendens hoog. Hierdie hoofde bly gemiddeld ongeveer 2,5 jaar by een skool voordat hulle verskuif.
- (9) Dit wil voorkom of hoofde van sekondêre skole wat grade in Opvoedkunde verwerf het gouer tot hoofde bevorder word as hulle kollegas wat nie oor grade in Opvoedkunde beskik nie. In die lig van die feit dat die meerderheid van dié hoofde nie geleentheid vir formele akademiese studie het nie, kan aanvaar word dat die meerderheid van die hoofde hulle nagraadse studie voltooi voordat hulle as hoofde aangestel word. (Kyk tabel 15(b) en par . 8.6 hierbo). Hoe gouer die assistent, vise- en adjunk-hoof, wat oor die potensiaal en die begeerte beskik om hoof te word, nagraadse studie in Opvoedkunde kan voltooi, hoe groter is die moontlikheid dat hy op vroeë leeftyd tot hoof van 'n sekondêre skool bevorder sal word.⁽⁴⁰⁾

40. Vgl. p. 161.